



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

MODEL 2013

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

VRAAG 1: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN LENIN SE NUWE EKONOMIESE BELEID (NEB) IN DIE SOWJETUNIE GEDURENDE DIE 1920's?

BRON 1A

Hierdie bron fokus op die mislukking van die beleid van Oorlogskommunisme.

Alhoewel Oorlogskommunisme duidelik 'n drastiese afwyking van kapitalisme was en verseker het dat die Kommuniste die Burgeroorlog wen, het dit teen 'n groot koste gekom. Teen 1921 was daar hongersnood wat ironies genoeg eers beëindig is toe die Verenigde State, die grootste kapitalistiese staat in die wêreld, hulp verleen het. Daar word geskat dat daar 7,5 miljoen Russe tussen 1918 en 1921 van honger en siekte dood is. Onder hierdie omstandighede was ontevredenheid met kommunistiese heerskappy amper onvermydelik.

[Uit: *A History of Russia and the Soviet Union* deur D Mackenzie en M Curran]

BRON 1B

Hierdie uittreksel fokus op die redes vir Lenin se Nuwe Ekonomiese Beleid.

In Maart 1921 het Lenin die beëindiging van Oorlogskommunisme en die instelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid aangekondig. Die NEB is op die volgende gebaseer:

- Invordering by kleinboere is beëindig en met 'n vasgestelde graanbelasting vervang – wat teen 1924 belasting in die vorm van geld geword het. Nadat hierdie belasting betaal was, was die kleinboer vry om te doen wat hy wou met dit wat oorgebly het. Hy kon dit self gebruik, aan die staat verkoop of dit op die ope mark, wat nou wettig was, verkoop.
- Privaat ondernemings is toegelaat in handel en kleinskaalse industrie.
- Verpligte arbeid is gestaak; arbeidsweermagte is beëindig; bonusse is ingestel vir ekstra werk.
- Die geldeenheid was weer op 'n gesonde vlak en 'n gereelde belastingstelsel is ingestel.
- Groot skaalse industrie (steenkool, yster, staal, olie, elektrisiteit, spoorweë) het staatseiendom gebly.

[Aangepas uit: *Russia in Revolution* deur J Robertson]

BRON 1C

Hierdie bron toon sommige produksiegetalle in Rusland vanaf 1913 tot 1926.

	1913	1921	1922	1923	1925	1926
Graan (miljoen ton)	80	37	50	57	73	77
Beeste (miljoen)	59	–	46	–	62	–
Varke (miljoen)	20	–	12	–	22	–
Steenkool (miljoen ton)	29	9	10	14	18	27
Staal (miljoen ton)	4	0,2	0,7	0,7	2	3

[Uit: *An Economic History of the USSR, 1917–1991* deur A Nove]

BRON 1D

Hierdie uittreksel fokus op die Nuwe Ekonomiese Beleid en sy suksesse.

Moskou het verander in die drie weke wat ek weg was. Oral is verwaarloosde en half afgebreekte geboue opgeknop en herstel. Winkels, kafees en restaurante is in alle rigtings geopen ... Die stad was vol kleinboere besig om vrugte, groente en ander produkte te verkoop ...

Vir die Kommuniste was die NEB sonder twyfel beledigend, maar vir die massa werkers het dit werk gebring wat met geld betaal sou word in plaas van waardelose papier of gemufde rantsoene en die versekering dat hulle kos en lewensbenodigdhede met geld kon koop ...

Vir die handelaars het die NEB geleenthede en die aanbreek van beter dae beteken. Tot 9 Augustus 1921 was dit tegnies 'n misdaad om waardevolle goedere te besit ... en 'n misdaad om enigiets te koop en te verkoop. Die NEB-verordening het dit alles verander ...

Aan die bopunt van my straat het ek 'n man gesien wat meel, suiker en rys op 'n klein tafeltjie verkoop het ... Na 'n week het hy vars eiers en groente verkoop ... Teen middel November het hy 'n klein winkeltjie gehuur ... Teen die volgende Mei het hy vier verkoopsmanne in 'n redelike groot winkel gehad, waarheen kleinboere elke oggend vars produkte gebring het.

Na 'n jaar se handel ... het hy \$20 000 tot \$30 000 skoon wins gemaak, maar die punt is dat sy besigheid baie kleinboere aangemoedig het om hoenders of klein varkies vet te maak of groente te plant. Dieselfde ding is regoor die Rusland gedoen en die gevolge was wonderlik. In net een jaar het die voorsiening van voedsel en goedere gestyg van 'n punt van hongersnood tot iets wat byna voldoende was en pryse het as gevolg daarvan gedaal.

[Uit: *Russia and the USSR 1905–1941* deur T Fiehn]

VRAAG 2: HET DIE NUWE BEDELING ('NEW DEAL') VERLIGTING GEBRING VIR GEWONE AMERIKAANSE BURGERS IN DIE 1930's?

BRON 2A

Toe President Roosevelt op 4 Maart 1933 ingesweer is, het hy 'n inspirerende toespraak gelewer waarin hy sy voorneme om oorlog teen die krisis te voer, verklaar het. Hier is 'n uittreksel uit die toespraak.

Laat ek eerstens my vaste oortuiging duidelik maak dat die enigste ding wat ons moet vrees, vrees self is ... Ons gesamentlike probleme behels, dank God, slegs materiële dinge. Waardes het tot ongelooflike vlakke gekrimp; belasting het gestyg; ons vermoë om te betaal het gedaal; regering ervaar op alle vlakke ernstige besnoeiing (inperking) van inkomste; die wisselkoers is in die handelstrome gevries; die verdroogde blare van nywerheidsondernemings lê oral rond; boere kry nie markte vir hul produkte nie; in duisende gesinne is baie jare se spaargeld weg. Belangriker nog, 'n menigte werklose burgers staar 'n donker probleem van oorlewing in die gesig ... Hierdie nasie vra vir optrede – onmiddellike optrede. Ons hoofsaak is om mense aan die werk te kry ... Dit kan gedeeltelik bereik word deur direkte werwing deur die regering self ... die taak kan aangehelp word deur definitiewe pogings om die waarde van landbouprodukte te verhoog en daarmee saam die vermoë om die uitset van ons stede te koop ... Dit kan aangehelp word deur nasionale beplanning. Ek sal die Kongres (VSA-parlement) vir breë uitvoerende magte vra om oorlog teen die krisis te verklaar.

[Uit: *New Africa History Grade 11* deur N Frick et al.]

BRON 2B

President Roosevelt word hier as 'n dokter uitgebeeld. Sy pasiënt is Amerika en die verpleegster is die Kongres wat die dokter se instruksies volg.



Natuurlik sal ons die behandeling moet verander as ons nie resultate kry nie.

Oplossings vir die Nuwe Bedeling ('New Deal')

[From: <http://creativecapital.files.wordpress.com/2008/11/newdeal.jpg>]

BRON 2C

Teen die einde van 1933, het die direkteur van die Federale Noodlenigingsadministrasie, Harry Hopkins, sestion verslaggewers gestuur om maatskaplike en ekonomiese toestande regoor die land te ondersoek. Hierdie is 'n verslag deur die joernalis Lorena Hickok.

Geagte mnr. Hopkins

Tienduisend mans is aan die werk, besig om met hout en staal en sement die Nuwe Bedeling ('New Deal') se mees manjifieke projek te bou. Ek het baie min oor die Tennessee Valley Authority geweet toe ek verlede week hier aangekom het ...

Ek het deur die Vallei en die staat gereis – 'n uitstappie na die Norrisdam; 'n dag se motorreis na Nashville, terwyl ek oppad daarheen gestop het en oor 'n bestaansnedersettingskolonie 'n paar myl van die Vallei af uitgekyk het; 'n dag in Nashville met kuiers by boere, noodwerkers, distriksagente in klein dorpies op die roete. Vandag het ek die Wilsondam gesien en afgegaan na die kragstasie om 'n idee te kry hoe groot hierdie ding werklik is – en ek het 20 myl langs die rivier opgeroep om werkers dop te hou wat in klip boor om die fondasie van die Wheelerdam te lê. Ek het met mense gepraat wat hierdie werk doen, met mense wat in die dorpe en stede woon wat die effek van hierdie program gaan voel, met gewone burgers, burgers op noodleniging – soveel soorte mense as wat ek kon vind.

Die mense is reeds besig om die teenwoordigheid van TVA te 'voel'. Daar is nou ongeveer 10 000 mans aan die werk in die Vallei, by die Norris- en Wheelerdamme, by verskeie opruimings- en bouprojekte regoor die area. Duisende van hulle is inwoners van die Vallei, wat vyf-en-'n-half uur per dag, vyf dae 'n week werk vir 'n regte bestaansloon. Huise word vir hulle gebou om in te woon. Beter huise as wat hulle ooit voorheen in hulle lewe gehad het. In hulle vrye tyd is hulle besig om te studeer – boerdery, vakmanskap, die kuns om te lewe ter voorbereiding vir die voller lewe wat hulle gaan lei in daardie Beloofde Land.

[Uit: *In the Eye of the Great Depression: New Deal Reporters and the Agony of the American People*, deur JF Bauman en TH Coode]

BRON 2D

Hierdie foto is in 1936 deur 'n onbekende fotograaf geneem. Dit toon die Werksprogressie-administrasie ('Works Progress Administration') (WPA), 'n ambisieuse Nuwe Bedeling ('New Deal')-program wat aan 8 500 000 werkloos werk verskaf het, meestal by projekte wat handarbeid geverg het soos die bou van brûe, snelweë en parke aan.



[Uit: <http://lcweb2.loc.gov/wpaintro/intro01.html>. Toegang op 10 Februarie 2013]

BRON 2E

Hierdie is 'n uittreksel uit die toespraak wat Oudpresident Hoover op 10 Junie 1936 by die Republikeinse Nasionale Konvensie in Cleveland gelewer het. Dit fokus op die kritiek teen die Nuwe Bedeling ('New Deal').

Ons het die mees elementêre skending van ekonomiese wette en ondervinding gesien. Die Nuwe Bedeling ('New Deal') vergeet dat dit slegs deur produksie van meer goedere en 'n groter verskeidenheid produkte en dienste is dat ons die lewenstandaard en sekuriteit van mense kan verbeter. As ons aanhoudend koste en pryse verlaag en inkomste verhoog, sal die produksie van oorfloed al hoe meer wyd versprei wees ... Toe kom die klein profete van die Nuwe Bedeling ('New Deal'). Hulle kondig die treffende oplossing aan dat die uitweg is om minder te produseer en pryse te verhoog sodat mense minder kan koop.

Daar is 'n paar beginsels wat nie geïgnoreer kan word nie. Óf ons het 'n samelewing gebaseer op geordende vryheid en die inisiatief van die individu, óf ons het 'n beplande samelewing wat diktatorskap beteken, ongeag wat jy dit noem of wie dit doen. Daar is nie 'n middeweg nie. Hulle kan nie gemeng word nie ... Minder as twintig jaar gelede het ons hierdie ideale aanvaar net soos die lug wat ons inasem ... Maar in hierdie tyd het ons die bevordering van kollektiwisme en die onvermydelike tirannie gesien.

[Uit: *American Ideals Versus the New Deal* deur H Hoover]

VRAAG 3: HOE HET EUGENETIKA EN PSEUDOWETENSKAPLIKE RASSISME HITLER BEÏNVLOED OM DIE MENSEREGTE VAN JODE EN SIGEUNERS IN DUITSLAND VANAF 1933 TOT 1945 TE SKEND?

BRON 3A

Die bron hieronder bestaan uit twee uittreksels oor die impak van die Nurembergwette op Jode en Sigeuners.

Uittreksel 1: Hierdie koerantberig fokus op hoe die Nurembergwette die proses van diskriminasie teen Duitse Jode begin het.

NUUS UIT DUITSLAND 1935

New York Herald Tribune, 16 September 1935

'Die Skande van Nuremberg' deur Rudy Barnes

NUREMBERG, Duitsland, 15 September 1935. Streng nuwe wette wat Duitse Jode van alle regte as Duitse burgers ontnem, is vanaand deur 'n juigende Reichstag uitgevaardig na 'n toespraak deur Kanselier Adolf Hitler. Vanaand se wette is die mees verreikende maatreëls vandat die Nazi's twee-en-'n-half jaar gelede aan bewind gekom het. Die nuwe wette, wat op 1 Januarie in werking tree, help om die anti-Joodse deel van die Naziprogram te verwerklik. Dit word beskryf as 'wette vir die beskerming van Duitse bloed en Duitse eer'. Soos gelees in die Reichstag deur die president van die wetgewende liggaam, is hulle soos volg:

1. Huwelike tussen Jode en Duitse burgers is verbode.
2. Fisiese kontak tussen Jode en Duitsers is verbode.
3. Jode word nie toegelaat om in hul huishouding Duitse huishulpe onder die ouderdom van 45 jaar in diens te neem nie
4. Jode word verbied om die swastika-embleem (nou die nasionale vlag) te hys. Oortreding van enige van die eerste drie wette is strafbaar met gevangeneskap met harde arbeid. Oortreding van die vierde wet is strafbaar met gevangeneskap.

Vanaand se sessie van die Reichstag is onverwags deur Hitler byeengeroep. Die Reichstag, wat nou niks anders as 'n rubberstempel is nie, is deur die President van die Reichstag om 09:00 tot orde geroep. Nadat hy oor die drie wette gepraat het, het die President van die Reichstag vir eenparige goedkeuring gevra. Seshonderd mans, die meeste van hulle in bruin uniforms, het op hul voete gespring ...

Uittreksel 2: Vera Laska, 'n ooggetuie, gee haar weergawe van die impak van die Nurembergwette op Sigeuners.

'Sigeuners is van 1935 amptelik as nie-Aries geklassifiseer deur die Nurembergwette, wat ook eers Jode geklassifiseer het; beide groepe is verbied om met Duitsers te trou. Sigeuners is later in 1937 as asosiaal bestempel ... Tweehonderd Sigeunermans is toe deur middel van 'n kwota gekies en in die Buchenwald- konsentrasiekamp aangehou. Sigeuners is verbied om vrylik rond te beweeg en is in 1939 in kampe in Duitsland geplaas, wat later (1941) in toegekampde ghettos omskep is, vanwaar hulle in Februarie 1943 aangekeer is om deur die Kriminele Polisie (bygestaan deur honde) na Auschwitz vervoer te word.'

[Uit: *Women In The Resistance And In The Holocaust: The Voices Of Eyewitnesses* deur V Laska ed.]

BRON 3B

Hierdie bron fokus op H Göering se pogings om dit wat hy die 'Joodse probleem' genoem het, op te los.

Deur sy belange in die ekonomie van Arianisasie (Joodse eiendom en besighede wat onder Duitse beheer geplaas is) en die gebruik van arbeid uit Joodse konsentrasiekampe, was Göering heeltemal vasgevang in die poging om 'n oplossing te vind vir die 'Joodse vraagstuk'. Gedurende die winter van 1938–9 het hy die mag verkry om die ekonomiese uitbuiting van die Joodse bevolking te organiseer. Die groter vraag oor wat om met die Jode te doen wat so uit die samelewing verwyder is, het hy aan Heydrich en die SS (militêre polisie van die Nazi-party) onder sy toesig toevertrou. Göering was aanvanklik aangetrokke tot die idee om alle Duitse Jode te verban na Madagaskar of na die Westerse Moondhede ... Na die uitbreek van die oorlog het beslaglegging op Joodse bates en die uitbuiting van Joodse arbeid toegeneem. Dit was gedurende die 'reiniging' van die Europese ekonomie dat die Nazileierskap nader beweeg het aan die finale oplossing vir die Joodse vraagstuk.

In die somer van 1941 het Göering Heydrich opdrag gegee om alles tot sy beskikking te gebruik om 'n plan te beraam vir die oplossing van die Joodse probleem. Heydrich het dit op 20 Januarie 1942 by die Wannseekonferensie aangekondig en dit as volkome vryheid van die beweging se leierskap gebruik om met uitwissing (moord) voort te gaan.

[Uit: *Göering, Hitler's Iron Knight* deur R Overy]

BRON 3C

Hierdie bron fokus op die Nazi's se behandeling van Sigeuners in Duitsland gedurende die laaste gedeelte van die Tweede Wêreldoorlog.

Vanaf April 1944 is Sigeuners wat nog 'geskik vir werk' was, van Birkenau na konsentrasiekampe in die Reich verskuif, ongeveer 1 600 mense in totaal. Van die ander Sigeuners wat na Birkenau gestuur is, was ongeveer 6 000 nog lewendig in die lente van 1944. In Mei 1944 het die kamp se owerhede besluit om die Sigeunerkamp te sluit in die lig van die naderende uitwissing van die Hongaarse Jode. Nadat die eerste poging in Mei deur die kampinwoners afgeweer is, is meer as 300 Sigeuners op 2 en 3 Augustus in die gaskamers in Auschwitz vermoor. Slegs sowat 1 600 mense, gewese soldate en familie van soldate, is gespaar. Van die 22 600 mense wat oorspronklik in die Sigeunerkampe aangehou is, het 19 300 omgekóm.

Die sterilisasie van 'wanaangepaste' Sigeunerbasters in die Reich is in 1944 sistematies deur die Kriminele Polisie onderneem. Die geskrewe toestemming van die slagoffers is dikwels met dreigemente van deportasie afgedwing. Na beraming is altesaam 2 000 tot 2 500 Sigeuners gesteriliseer.

Die getal Sigeuners wat op grond van ras onder Duitse beheer vermoor is, kan nie meer met enige sekerheid vasgestel word nie. In Duitsland is ongeveer 15 000 mense as Sigeuners of Sigeunerbasters vermoor, in Oostenryk ongeveer 8 000 en in Tsjeggo-Slowakye ongeveer 35 000. In België, noordelike Frankryk en Nederland moes dit etlike honderde mense gewees het; in die besette Sowjetgebiede ten minste 10 000, moontlik meer, en in Pole ongeveer 8 000.

[From: *Holocaust: The Nazi Persecution and Murder of The Jews* by P Longerich]

BRON 3D

Hierdie foto is op 29 April 1945 deur M Hastings by die Dachau-konsentrasiekamp in Duitsland geneem. Die foto wys 'n Duitse vrou wat tussen lyke loop. In die agtergrond is Amerikaanse soldate wat die kamp bevry het.



[Uit: *The Faces of World War II* deur M Hastings]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende publikasies geneem:

Bauman, JF et.al. 1988. *In the Eye of the Great Depression: New Deal Reporters and the Agony of the American People* (DeKalb: Northern Illinois University Press)

Fiehn, T 1997. *Russia and the USSR 1905–1941* (Murray John)

Frick, N et al. 2006. *New Africa History Grade 11* (New Africa Books (Pty) Ltd, Claremont) Hastings, M. 2012. *The Faces of World War II*

Hoover, H 1988. *American Ideals Versus the New Deal* (Reprint Services Corporation, US)

<http://creativecapital.files.wordpress.com/2008/11/newdeal.jpg>

<http://lcweb2.loc.gov/wpaintro/intro01.html>

Laska, V 1983. *Women In The Resistance And In The Holocaust: The Voices Of Eyewitnesses* (Greenwood Press)

Longerich, P 2010. *Holocaust: The Nazi Persecution and Murder of The Jews* (Oxford University Press)

MacKenzie, D 1987. *A history of Russia and the Soviet Union* (Wadsworth Pub. Co)

Nove, A 1992. *An Economic History of the USSR, 1917–1991* (Penguin Books)

http://books.google.co.za/books/about/An_Economic_History_of_the_USSR.html?id=Z1a5AAAAIAAJ

Overy, R 1984. *Göering, Hitler's Iron Knight* (IB Tauris and Co Ltd)

Robertson, J 1982. *Russia in Revolution* (Oxford University Press)